

# STALS: Verslag aan die Moderamen van die Vrystaat Sinode - Lyfstraf

1. Dit het in Swede begin toe sy regering lyfstraf onwettig verklaar het. Ouers wat dit in die verlede toegepas het, sou in die vervolgd deur die wet gevolg kon word. Dit het egter nie by Swede gebly nie. In 2011 het 39 lande in die wêreld sulke wetgewing goedgekeur. Voorheen was lyfstraf in skole in Suid-Afrika verbode, vandag word ook ouers verbied om lyfstraf toe te pas.

## 2. Die dilemma

Wanneer dit oor lyfstraf gaan, het ons met twee dilemmas te doen:

- Daar is mense wat sê dat lyfstraf barbaars en uitgedien is. Dit is wreed om weerlose kinders daaraan bloot te stel en iets wat oral summier as onwettig verklaar moet word. Daar is ander, beter dissiplinêre metodes wat gevolg kan word, word gesê (Dobson 2001:122).

Aan die ander kant het 'n groot deel van vandag se ouers daarmee grootgeword. Vir baie van hulle is lyfstraf die enigste dissiplinêre metode wat hulle ken. Hulle glo dat lyfstraf hulle geen skade aangedoen het nie. Intendeel: As dit by die opvoeding van hulle kinders kom, herhaal hulle wat hulle ouers gesê het: "'n Pak op sy tyd is soos brood en konfyt".

- Heel onlangs is wetgewing in Suid-Afrika aanvaar waar die toepassing van lyfstraf onwettig verklaar is en strafbaar is. Dit bring gelowige ouers by 'n tweede dilemma: Aan wie moet ons gehoorsaam wees? Die Bybel leer dat die roede nie gespaar moet word nie (vgl Spr 23:13,14, 29:15, 13:24), terwyl die staat ons verbied om dit te doen.

3. In hierdie studiestuk gaan ons van die standpunt uit dat ons kennis en verstaan van die Woord voorlopig is en dat gelowiges dikwels van mekaar verskil, wanneer dit by aktuele sake kom (1). In die lig hiervan wil ons nie finale antwoorde gee nie, maar elke lidmaat oproep om saam met God, Drie-enig oor hierdie saak op 'n reis van geloofsonderskeiding te gaan. Ons wil riglyne gee, 'n raamwerk bied, waarbinne 'n lidmaat sal bid om 'n fyn aanvoeling te ontwikkel waarop die saak van lyfstraf hanteer word. In die proses van geloofsonderskeiding word die vraag nie gevra: Wat is die waarheid, hoe moet ons oor lyfstraf dink nie?, maar hoe is die waarheid? Hoe moet ons onself oopstel vir die leiding van die Heilige Gees en hoe moet ons die insig wat ons in die proses ontvang, in die praktyk toepas?

## 4. 'n Raamwerk vir geloofsonderskeiding, oor die saak van lyfstraf.

Ons bied nie hier 'n resep om haarfyn te volg nie, maar merkers wat vir lidmate die koers op die pad van geloofsonderskeiding kan aandui:

1. Al ons keuses begin met die vraag: Wie is God? Wie is die God wat in sy Woord ruimte vir lyfstraf bied? Dit kan maklik gebeur dat 'n mens 'n prentjie van God in terme van sy begeertes en behoeftes vorm. Die gevaar is dat God dan 'n produk van die mens se eie skepping word.

Reeds vroeg in die Bybel, in Gen 1, word God as die God van orde aan ons bekend gestel (Cilliers 2000: 151). Hy is die God wat orde uit chaos skep.

Hierdie titel en funksie wat aan Hom toegeken word, kan egter maklik met verkeerde inhoud gevul word (vgl König 1973:12): Hy kan verstaan word as 'n Regter wat bloot mense se optrede beoordeel en veroordeel. König (1973:12) sê tereg dat ons God moet toelaat om sê hoe Hy is en nie ons eie idees op Hom projekteer nie.

In die persoon, werk en lering van Christus word God Drie-enig vir ons duidelik gemaak: God is soos Christus! In Christus leer ons dat Hy 'n omgee-God is, wat die skare innig jammer gekry het, omdat hulle soos skape was wat nie 'n wagter gehad het nie (Markus 6:34), maar Hy is ook die oordelende God wat die wind en die golwe, wat die natuurlike orde versteur, bestraf (Luk 8 : 22 -25) en die geldwisselaars wat die orde in die tempel versteur, uit die tempel verdryf (Joh 2 : 15).

Sy oordeel oor die sonde het 'n alreeds-nog nie karakter: In Rom 1:24 - 32 lees ons drie keer dat Hy die opstandige mens oorgee aan sy sondige begeertes (Jonker 1966:38), om deur die verwoestende en pynigende effek daarvan tot bekering geroep te word. God se eindoordeel oor die sonde is dus alreeds (ten dele) sigbaar in die lewe van mense wat sonder God leef (Stander 2008:39).

2. Watter soort ouer wil God hê jy moet wees? Hoe wil Hy hê dat jy as sondige mens, met baie gebreke en foute, jou kinders moet grootmaak? (Vgl Cilliers 2000:200). Pas lyfstraf by 'n gelowige ouer deur wie God kinders wil opvoed (vgl Kretzshmar 2004:113)?
3. Wat is die doelwitte wat jy as ouer met lyfstraf wil bereik (vgl Kretzshmar 2004:113)? Is dit die beste toepaslike metode om jou kind te dissipliner?

#### **4. Ons luister na verskillende stemme :**

4.4.1 Die stem van God wat deur die Bybel met ons praat (Kretzschmar 2004 : 113). In Spreuke 13:24, 29:15, 23:13,14 word gelowige ouers opgeroep om lyfstraf te gebruik om hulle kinders te dissipliner. Die doel van lyfstraf is om hulle kinders te help om reg te lewe en die dood van 'n ongedissiplineerde lewe vry te spring (vgl Mckane 1980 : 386, Venter 1999:724).

4.4.2 Die stem van teoloë wat nadink oor wat God se Woord van ons vra.

- In die Christelike etiek is dit 'n algemene reël dat die misbruik van 'n saak nie die gebruik daarvan verbied nie. Sielkundiges en opvoedkundiges, selfs dié wat lyfstraf onaanvaarbaar vind, is dit eens dat lyfstraf gevaarlik kan wees en dat dit groot fisiese en emosionele skade aan 'n kind kan besorg (Dobson 2001:126). Dit beteken egter nie dat 'n liefdevolle gebruik van lyfstraf summier afgeskryf moet word nie.
- As die misbruik van lyfstraf verkeerd is, behoort die versuim van die regte gebruik van lyfstraf (wat uit die Bybel aanbeveel word) ook as verkeerd beskou te word.
- Die Heidelbergse Kategismus (Sondag 39 V/A 104), verklaar dat God die ouer in 'n posisie aangestel het, om deur hulle hulle kinders te begelei om sy Koningskap te erken. Om hierdie taak uit te oefen is dit nodig dat kinders sal verstaan wat die effek van sonde op 'n mens se lewe is: Sonde het veroorsaak dat die mens se hart en verstand in so 'n mate verduister is dat hy nie meer dinge in perspektief sien nie. Die gevolg daarvan is dat die mens nie aan God die plek gee wat Hom toekom nie. Hierdie sondige oriëntasie-ingesteldheid is die oorsaak daarvan dat die mens se lewe afstuur op 'n lewe van selfvernietiging.

Gelowige kinders moet ook begelei word om te verstaan dat daar geen veroordeling is vir diegene wat in Christus glo nie (Rom 8: 1). Dit beteken dat 'n gelowige kind wat gesondig het, eerlik sy sonde voor die Here kan erken, bely en daarvan moet afsien (vgl Coe 2012). Indien hulle egter daarin volhard kan God sy straf deur lyfstraf voltrek, om hulle daarmee tot stilstand en bekering te roep.

#### **4.4.3 Die stem van Christen sielkundiges en opvoedkundiges.**

Die rooi merke op 'n kind se boudjies, kan nie as kindermishandeling beskou word nie word gesê (vgl Bergman 2014).

'n Kind behoort nie gereeld lyfstraf te kry nie (Dobson 2001:121). Dit is ook nie die enigste metode waardeur 'n kind gedissiplineer moet word nie. In sekere situasies - wanneer 'n kind met uittartende gedrag besig is (Dobson 2001:123) kan fisiese pyn vir hom/haar tot stilstand roep. In so 'n geval word lyfstraf as 'n noodmaatreël, as 'n laaste uitweg gebruik, om die kind "uit die dood te red" (vl Spr 23:13,14).

Die volgende riglyne kan vir die toepassing van lyfstraf aanbeveel word:

Kinders onder die ouderdom van 18 - 24 mnde mag nie lyfstraf te kry nie. Hulle is nog te jonk daarvoor. Dit is ook 'n vraag of lyfstraf die beste gevolge in tieners (15 - 18 jaar) se

lewens tot gevolg sal hê. Dit lyk asof lyfstraf die beste resultate kan hê met kinders tussen die ouderdomme van vier tot twaalf (Narramore 1981:78).

Kinders moet nie uit reaksie op ouers se woede geslaan word nie (Narramore 1981:77). Lyfstraf moet 'n liefdesdaad wees wat uit 'n ouer se omgeehart voortspruit. Kinders wat 'n drag slae gekry het moet ook so gou as moontlik deur hulle ouers van hulle liefde verseker word.

Lyfstraf mag nie aan kindermishandeling grens nie, dit moet ook nie te sag wees nie (Narramore 2001:129), omdat dit dan geen ingrype op die kind se onaanvaarbare gedrag sal maak nie.

Lyfstraf behoort vir die volgende ouers verbode te wees - en hier moet ouers eerlik met hulleself wees:

Ouers wat gewelddadig optree en onbeheerbaar kwaad word en hulle nie kan beheer wanneer hulle lyfstraf toepas nie, ouers wat dit geniet om hulle kinders te slaan, grootouers wat sonder die toestemming van hulle kinders die plathand onder hulle kleinkinders inlê (Dobson 2001:120). Hierdie mense moet hulleself daarvan onthou om hulle kinders te slaan.

#### **4.4.4 Die luister na ander sosiale wetenskaplike navorsers wat lyfstraf afkeur.**

Prof Holden (2011) van die *Southern Methodist University* in Dallas het in sy navorsing gevind dat kindermishandeling meestal - 80% van die tyd - uit die toepassing van goedbedoelde lyfstraf voortspruit (2). Hy het ook gevind dat aggressie, angs, depressie en antisosiale gedrag meer dikwels by volwassenes voorkom wat aan lyfstraf in hulle kinderjare blootgestel is.

L Bergman (2014), 'n maatskaplike werker, verwys weer na 'n uitgebreide navorsingstuk waar 800 kinders tussen twee en nege, betrek is. Uit die navorsing blyk dit dat daar 'n verband is tussen die kognitiewe ontwikkeling van die kind en die hoeveelheid kere dat 'n kind slae kry: Hoe meer die kind 'n pak slae kry hoe meer word sy kognitiewe ontwikkeling gestrem. Sy skryf dit daaraan toe dat 'n kind se vrees vir lyfstraf sy nuuskierigheid om te leer demp en benadeel.

#### **4.4.5 Die stem van die Regering wat wetgewing gemaak het om lyfstraf te verbied.**

Rom 13 is baie duidelik daaroor: Gelowiges moet aan die owerheid onderdanig wees. Art 36 van die Nederlandse belydenis sluit hierby aan en bely dat God 'n goeie God is wat vanweë die verdorwenheid van die menslike geslag owerhede aangestel het. God hou deur wette die losbandigheid van die samelewing in bedwang. Dit verklaar ook dat Regerings ook die taak het om die Woordbediening te beskerm. Daarom word gelowiges opgeroep om hulle aan die wette van die staat te onderwerp.

Die Nederlandse belydenis (Art 36) stel egter 'n beperking op die gelowige se onderwerping aan die owerheid. Die gelowige moet die owerheid gehooraam "in alles wat nie met die woord van God in stryd is nie". Hierdie frase impliseer dat die gelowige nie absolute gehoorsaamheid aan die owerheid verskuldig is nie. Jonker (1966:173) beskou die opdrag om aan die owerheid gehoorsaam te wees as 'n algemene beginsel en nie die volledige uitsetting van die Christenouer se verhouding met die staat en sy wetgewing nie. In Rom 13 word die regering as 'n dienaar van God beskou. Dit vra dat die staat se wetgewing binne die parameters van God se Woord geformuleer word. Ongelukkig is dit nie in Suid-Afrika die geval nie. Dit impliseer dat Romeine 13 nie blinde onderwerping van die gelowige aan die staat ten opsigte van hierdie wetgewing vra nie en dat die gelowige ouer meer aan God gehoorsaam sal wees as aan die staat se wetgewing (vgl Hand 5:29).

- 5. Vrae:** Die gelowige ouer moet voortdurend in nederige afhanklikheid binne die riglyne van hierdie geloofsonderskeidingsraamwerk bid om wysheid te bekom om sy kinders op verantwoordelike manier groot te maak en te dissiplineer:

### **Refleksie op die geloofonderhoudingsproses.**

Die Reformatoriese tradisie beklemtoon dat die gelowige regstreekse toegang het tot die Woord sonder die bemiddeling van die kerk. In hierdie model is dit nie 'n gedagte om die individuele gelowige los van die kerk te maak nie. Die Woord van God beklemtoon dat die gelowige binne die gemeenskap van ander gelowiges opgebou word om in alles te groei (Du Rand 1984:27).

Dit kan nie van 'n individuele gelowige verwag word om geïsoleerd te probeer verstaan wat God se wil vir sy lewe is nie. Die kerk sal die gelowige daarin moet bystaan deur Bybelse Beginsels op 'n verstaanbare wyse vir 'n spesifieke situasie of saak te vertolk.

**Gevallestudie:** Nadat 'n lidmaat die geloofsonderskeidingsproses deur geworstel het, rapporteer sy:

**Hier is my beswaar:** Die hele argument pro-lyfstaf rus op twee bene:

- (1) Oorgelewerde gebruike
- (2) Spreuke 23 : 13 - 14

- (1) Soos talle ander oorgelewerde gebruike behoort lyfstraf ook lankal uitgesterf het. Vorige jare het huiswerkers byvoorbeeld uit blikbekers en borde gedrink en geëet. Het kinders Sondagmiddae geslaap. Was swem op Sondae sonde. As jy brei op Sondae steek jy die brei in die Here se oog, ens, ens, ens. Dis menslike verdigsels en het geen meriete om ons nader aan God te bring nie.
- (2) Slegs één gedeelte in spreuke praat van lyfstraf. Al die ander verse in my Bybel praat van "punish" of "teach" of "discipline" Net 23: 13 – 14 se "spank". As ons op een verwysing 'n hele pedagogiese proses wil baseer, kan mens net sowel sê dat ons op grond van Spreuke 27:6 ons vriende links en regs moet klap as ons van hulle verskil, of dat die nuwe reeks gekleurde lakens van Egiptiese katoen by Edgars, prostitusie aanmoedig (Spreuke 7:16).

Die geloofsonderskeidings gesprek gaan voort...

## **6. Die Verhouding kerk en Staat.**

### **6.1 Die kerk se verantwoordelikheid teenoor die Staat.**

Die kerk en die staat staan kragtens hulle eie funksie en bevoegdhede langs mekaar, elk op sy eie terein, maar onder die heerskappy van Christus (Du Rand 1984:26). Die kerk se profetiese boodskap is die boodskap van God se verlossende handeling in Jesus Christus. Hierdie verlossing het implikasies vir elke lewensfeer en plaas mensgemaakte wette onder die kritiek van die nuwe lewe wat in Christus aangebreek het (Du Rand 1984:28).

Die Woord het ook betrekking op hoe die gelowige ouer sy kind dissiplineer. Daarom het die kerk die taak om ook kritiese met die staat in gesprek te tree, wanneer hy wetgewing maak wat die gelowige ouer die reg om in vryheid, sy kinders met verantwoordelikheid te dissiplineer, te ontsê.

### **6.2 Die Staat se verantwoordelikheid teenoor sy burgers.**

Die mens se individuele en persoonlike sonde versprei egter na alles waarop hy sy hande lê (Van Wyk 1984:10). Die wette wat hy maak toon oral **spore van sonde**. Die wette wat die owerheid maak en die wyse waarop hy die wette handhaaf moet egter altyd Bybels gesproke altyd in lyn met God se Koninkryksbeginsels wees. Alle wette het alleen waarde as dit diensbaar is aan die koms van die koninkryk van God en sy geregtigheid. Politiese geregtigheid beteken dat 'n gelowige ouer sy reg moet kan uitleef om in Vryheid en verantwoordelikheid moet kan uitleef om sy kind op 'n toepaslike wyse te dissiplineer (vgl Van Wyk 1984:6).

## **7. Samevatting**

1. Gelowige gesinne is God se proeftuin in hierdie stukkende wêreld, waarop Hy iets van sy heil in die hede wil realiseer. Ouers moet deur die manier waarop hulle hulle kinders dissiplineer, tekens oprig van die nuwe aarde wat vir ons wag.

2. Die kerk moet die nuwe wetgewing oor lyfstraf as 'n geleentheid benut om lidmate tot verantwoordelike ouerskap op te roep. Maatskaplike werkers van ENGO se kennis en vaardighede behoort in so 'n aksie benut word.
3. Gelowige ouers moet hulle deeglik vergewis van al die metodes waarop kinders gedissiplineer kan word (Vgl byvoorbeeld Narramore se boek, Ek is 'n ouer: Help my! P83-101).
4. Die Moderamen steun die nuwe pad van geestelike geloofsvorming wat ATLAS as nuwe werkswyse ten opsigte van die nadink oor aktuele sake bepleit.
5. 'n Raamwerk van geloofsonderskeiding wil vir lidmate leidrade gee om met openheid en afhanklikheid wysheid van die Here te bekom om die saak van lyfstraf reg te hanteer.
6. Indien 'n lidmaat daarvan oortuig is dat lyfstraf sy kind kan red van 'n verkeerde lewenswyse, behoort hy/sy dit met oortuiging toe te pas - selfs al kan hulle daardeur strafregtelik vervolgt word.
7. Die toepassing van lyfstraf moet as noodmaatreël beskou word, om 'n kind te keer wat op 'n verkeerde pad is. Dit moet nie as 'n uitdagende reaksie teenoor die staat se wetgewing gesien word nie, maar eerder as 'n gelowige respons om aan God meer gehoorsaam te wees as aan 'n owerheid (wat hom/haar van maatreëls wil ontnem waarvoor die Bybel ruimte bied).
8. Die kerk erken dat die Here God self nuwe wetgewing oor lyfstraf kan gebruik om die verkeerde gebruik daarvan te ontmoedig.
9. Die kerk roep gelowige ouers op om mekaar by wyse van groepbesprekings en individuele gesprekke te help, om met wysheid toepaslike dissiplinêre metodes te gebruik in die opvoeding van hulle kinders.
10. Lidmate word opgeroep om huise waar lyfstraf verkeerdelik toegepas word - en aan kindermishandeling grens - aan die maatskaplike werkers van ENGO GESINSORG te rapporteer. So 'n oproep vra van ouers om die aftakeling van gesinne in die gemeenskap te keer.
11. Ouers wat onbeheerbaar kwaad word en hulle kinders op 'n gewelddadige wyse dissiplineer, moet pastoraal versorg word: pastorale terapeute kan in 'n proses van geloofs- en emosionele bevryding betrek word.
12. Die verhouding van kerk en staat is in die geval van die toepassing van lyfstraf 'n kritiese -spanningsvolle verhouding. Dit is die enigste weg waarlangs die kerk getrou aan homself bly en nie sy boodskap kompromitteer nie.

### **Aantekeninge**

- (1) Tydens 'n onlangse vergadering van ATLAS (Mei 2018) is besluit om voortaan op 'n geloofsonderskeidende manier oor etiese sake te besin. Die implikasie is dat daar nie meer gestem sal word wat die finale waarheid oor 'n bepaalde saak is nie, maar dat daar voortdurend in openheid en nederigheid na wysheid gesoek word oor hoe om oor bepaalde sake te dink en daarvolgens te handel.
- (2) Wanneer daar nie 'n bladsynommer by die verwysing vermeld word nie, word daar van 'n *You Tube*-lesing gebruik gemaak.

### **7. Bronnelys**

1. Cilliers, J 2006 Die genade van gehoorsaamheid Wellington: LuxVerbi
2. Dobson, J 2001 Fokus op meer as 400 vrae van gesinne Wellington: LuxVerbi, BM
3. Du Rand, JJF 1984. Die Suid Afrikaanse spanningsveld van kerk en Politiek. In van Wyk JHS du Rand JJF 1984 Christen en Politiek Reeks F1: 1 RS Studiestukke no 201. Potchefstroom: Instituut vir Reformatoriese Studie.
4. Handboek vir die erediens van die Nederduitse Gereformeerde kerk. 1991. Kaapstad. NG Kerk - Uitgewers.
5. Jonker, WD 1966 Die Brief aan die Romeine NG Kerk - Uitgewers Kaapstad – Pretoria

6. Kretzschmar 2004 Etiek en die Lewe Teologiese Etiek Pretoria: Universiteit van Suid Afrika
7. König, 1973. Ek is wat ek is. Pretoria: NG Kerkboekhandel.
8. Narramore, B Ek is 'n ouer: Help my! 1981 Parow: Verenigde Protestante uitgewers
9. Reformed view of Original sin, and parenting - John Coe - *You Tube* <https://www.youtube.com/watch?v=HemVqoyaNIQ>. Published on Jan 30, 2012
10. Sin and Worship in Romans: Seven minute seminary. <http://seedbed.com>. Published on April 17, 2013.
11. Stander, H 2008. Jou dink nuut gids oor die hemel. Antwoorde oor die dood en die lewe daarna. Vanderbijlpark: Carpe Diem Media.
12. Mckane, W 1980 Proverbs. Old Testament Library London: SCM Press LTD
13. Van Wyk, J A 1984. Etiek en Politiek. In van Wyk JHS du Rand JJF 1984 Christen en Politiek. Reeks F 1: 1 RS - 201 Studie - stukke. No 201 Potschefstroom: Instituut vir Reformatoriese Studie.
14. Venter, PM 1999 Spreuke. In Vosloo, WS van Rensburg FJ (red). Die Bybellennium-Vereeniging. Christelike Uitgewers Vereeniging.
15. Corporal Punishment Study - *You Tube* [http://www.youtube.com/watch?v=isk\\_dbttRzk](http://www.youtube.com/watch?v=isk_dbttRzk) Published on Jun 2011
16. Physical punishment (the Mary Hanson show) - *You Tube* - <http://www.youtube.com/watch?v=buQ0W12110> Published on Nov 5, 2014

**Dr Pieter van Heerden (Voorsitter)**  
**Nms STALS**